Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2016

GESKIEDENIS V2

PUNTE: **100**

TYD: **2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A EN AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   AFDELING B: OPSTELVRAE

   VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 4: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

2. AFDELING A bestaan uit TWEE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gekry word.

3. AFDELING B bestaan uit TWEE opstelvrae.

4. Beantwoorde TWEE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

5. In die beantwoording van die vrae moet kandidate hul kennis, vaardighede en insig gebruik.

6. Die blote oorskryf van bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag vanuit hierdie afdeling.

VRAAG 1: WATTER IMPAK HET DIE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN OP DIE SOWETO-OPSTANDE IN 1976 GEHAD?

Gebruik Bron 1A, 1B en 1C en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Lees Bron 1A.

1.1.1 Verduidelik die begrip *Swart Bewussyn* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Waarom was die jonger generasie van "gekleurde" mense aangetrokke tot die filosofie van Swart Bewussyn? (Perspektief 1) (1 x 2) (2)

1.1.3 Volgens die filosofie van Swart Bewussyn, hoekom dink jy was die term "Swart" 'n direkte uitdaging teenoor die apartheidsterm "nie-blank"? (Perspektief 1) (1 x 2) (2)

1.1.4 Haal VIER doelstellings van die Swartbewussynsbeweging aan, soos vervat in die bron. (Perspektief 1) (4 x 1) (4)

1.1.5 Op watter wyse, dink jy, het die apartheidsbeleid swart Suid-Afrikaners van hulle trots en menswaardigheid beroof? (Perspektief 2) (2 x 2) (4)

1.1.6 Hoe, volgens Biko, moes 'n "swart man" verander? (Perspektief 2) (2 x 2) (4)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Verduidelik waarom die apartheidsregering die filosofie van Swart Bewussyn as 'n bedreiging beskou het. (Standpunt 1) (2 x 1) (2)

1.2.2 Hoe, volgens die inligting in die bron, het die filosofie van Swart Bewussyn die Soweto-opstande van 1976 beïnvloed? (Standpunt 1) (2 x 2) (4)

1.2.3 Hoe het die volgende mense deelname aan die politieke stryd beskou:

(a) Mathabane (2 x 2) (4)

(b) Jong aktivis (2 x 2) (4)

1.2.4 Vergelyk Standpunte 1 en 2. Verduidelik hoe hierdie standpunte verskil met betrekking tot die filosofie van Swart Bewussyn in die Soweto-opstande van 1976. (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Noem enige TWEE eise soos vervat in die plakkate wat deur die studente van Soweto gedra word. (2 x 1) (2)

1.3.2 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir ʼn historikus wat die Soweto-opstande van 1976 bestudeer. (2 x 2) (4)

1.4 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ʼn paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om die impak van die filosofie van Swart Bewussyn op die Soweto-opstande van 1976 te verduidelik. (8)

[50]

VRAAG 2: HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUID-AFRIKA VAN SY VERDEELDE VERLEDE GENEES?

Gebruik Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1.1 Verduidelik die volgende historiese begrippe in jou eie woorde:

(a) Vergeldende geregtigheid (1 x 2) (2)

(b) Herstellende geregtigheid (1 x 2) (2)

2.1.2 Noem TWEE redes waarom die proses van die WVK so betekenisvol vir Desmond Tutu was. (2 x 1) (2)

2.1.3 Hoekom was Tutu ten gunste van 'herstellende geregtigheid'? (1 x 2) (2)

2.1.4 Lewer kommentaar oor die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat navorsing oor die voordele van herstellende geregtigheid teenoor vergeldende geregtigheid doen. (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Verduidelik die boodskappe wat die spotprenttekenaar oor die Waarheids-en-Versoeningskommissie oordra. (2 x 2) (4)

2.2.2 Wat word bedoel met Tutu se stelling: "Ons moet daardie swerende wonde oopmaak om hulle te ontsmet – dit sal seermaak, maar jy gaan soveel beter voel daarna!"? (2 x 2) (4)

2.3 Vergelyk Bron 2A en Bron 2B. Toon aan hoe die bronne mekaar ondersteun ten opsigte van die werk van die WVK. (2 x 2) (4)

2.4 Gebruik Bron 2C.

2.4.1 In watter deel van die land het die meeste menseregteskendings plaasgevind? (1 x 1) (1)

2.4.2 Noem die jaar waarin die meeste growwe menseregteskendings in Soweto plaasgevind het. (1 x 1) (1)

2.4.3 Verduidelik waarom daar 'n skielike toename in menseregte-skendings na die vrylating van Nelson Mandela was. (2 x 2) (4)

2.4.4 Hoe, dink jy, sal statistieke in hierdie bron historici help om die geweld wat voor die 1994-verkiesing in die land plaasgevind het, te verstaan? (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou

2.5 Raadpleeg Bron 2D.

2.5.1 Verduidelik hoe die Cradock Vier vermoor is. (1 x 2) (2)

2.5.2 Lewer kommentaar oor die houding van die dogter van een van die Cradock Vier teenoor die moordenaars van haar vader. (1 x 2) (2)

2.5.3 Waarom, volgens Tutu, was dit noodsaaklik om deur die WVK te vergewe? (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie Suid-Afrika van sy verdeelde verlede genees het. (8)

[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag vanuit hierdie afdeling.

VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

Verduidelik tot watter mate PW Botha se pogings om die beleid van apartheid in die 1980's te hervorm, sukses behaal het. Gebruik toepaslike voorbeelde om jou antwoord te staaf. **[50]**

VRAAG 4: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Suid-Afrika se pad na demokrasie was besaai met wydverspreide uitdagings en onoorkombare hindernisse.

Stem jy met bogenoemde stelling saam? Ondersteun jou antwoord met toepaslike voorbeelde. **[50]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou